# WINS EN VERLIES

**Ds Hennie van Schalkwyk**

**Filippense 3 vers 8: "ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry"**

In die tyd waarin ons leef gaan dit al hoe meer oor *wat* en *hoeveel* ons tot eie voordeel daaruit kan kry. Word ons voorspoed en suksesse dikwels in menslike waardes bepaal in rand en sent. Is 'n stewige bankbalans baie maal die hoogste doel waarna ons strewe en die kern waarom al ons belange in die lewe draai. Oor die winste wat behaal word, word daar luidkeels gespog en oor verliese, liefs maar net geswyg!

In die sakewêreld sien ellelange finansiële verslae jaarliks die lig in die pers en word daar meestal gefokus op die winste wat behaal is.

Oor gesonde besigheidsvernuf en doeltreffende finansiële beplanning word daar gespog. Alles daarop gemik om soveel moontlik wins te maak en die verliese tot die minimum te beperk. Dit doen immers die land se ekonomie baie goed!

Ook in die kerklike gemeenskap word soms gespog met syfers en die voordelige bankbalanse na elke insameling die hoogte-punt in ons gesprekke. Jammer dat die mooi bedrae nie altyd die geestelike welsyn en die groei van die kerk komplimenteer nie! Natuurlik word ons deur die Woord opgeroep tot verantwoordelike rentmeesters, maar nooit ten koste van ons geestelike welsyn nie.

In die apostel Paulus se lewe was daar ook 'n tydperk toe *"ander dinge"* vir hom eerste prioriteit was. Hy was vurig in sy strewe om 'n hoogsgeleerde in die Griekse letterkunde te word. Hy was deur die fariseers onderrig en was ook daar in sy amp as leerbewerker opgelei. Hy was 'n groot skrifgeleerde en vol haat teen die Christene. Op die pad van Damaskus het hy egter sy rieme styf geloop, word hy met blindheid geslaan en kom hy tot bekering. Hy word soos 'n stuk brandhout uit die vuur geruk!

Mense verskil van mekaar, ons verskil in ons denke en ook oor die dinge wat ons as belangrik in die lewe beskou. Vir sommige is dit om die hoogste sport op die leer in die sosiale en handelswêreld te bereik. Vir ander weer die bymekaar maak van besittings en rykdom.

Kennis van God en die vervulling met sy Gees behoort die gelowiges se eerste prioriteit te wees. Die mens as geestelike wese kan nooit volle bevrediging put uit sy winste nie. Die vervulling van ons geestelike behoefte bring die bevrediging van 'n vrugbare lewe. Dan leer ons om volkome op God te vertrou en te steun op sy beloftes.

Om aan God toegewy te wees beteken om afstand te doen van dinge wat jou aandag van Hom kan aflei en om jou vertroue ten volle in God te plaas. Moenie jou vertroue en bevrediging uitsluitlik laat afhang van dit wat jy besit of bymekaar gemaak het nie. Om veel te besit en jou siel skade te lei, is die grootste verlies wat jy ooit kan lei.


UITNODIGING OM KOMMENTAAR EN REGISTRASIE

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM AFVALBESTUURSLISENSIE EN OMVANGSBEPALING/ OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES VIR DIE BEOOGDE LISENSIëRING VAN DIE STORTINGSTERREINE, IN DIE !KHEIS PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, NOORD-KAAP

● TOPLINE-STORTINGSTERREIN
● BOEGOEBERG-STORTINGSTERREIN
● GROBLERSHOOP-STORTINGSTERREIN

Kennis geskied hiermee ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA), 1998 (Wet 107 van 1998) en die Afvalbestuursaktiwiteite gelys ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (NEM:WA) (Wet 59 van 2008), dat die Departement van Omgewingsake (DOS) die !Kheis Plaaslike Munisipaliteit bystaan om verskillende stortingsterreine vir bedryf in die Noord-Kaap te lisensieer. Die stortingsterreine wat lisensie-aansoeke vir afvalbestuur en 'n Basiese Evalueringsproses ingevolge die NEMA Regulasies op Omgewingsimpakstudies, 2014 sal vereis, is soos volg:

- **DIE TOPLINE-STORTINGSTERREIN** is geleë aan die Suid- Weste van Topline dorp op Erf 2681 , Saalskop. Topline is 'n klein dorpie geleë in die jurisdiksie van die ZF Mgcawu Distrik Munisipaliteit. Die N10 hoofweg is die hoof toegangs roete tot die dorp self. Plaaslike gemeenskaps roetes wat aansluit aan die N10 verskaf toegang tot die stortings terrein. Die stortings terrein is gelee naby die water herwinnings aanleg wat dan ook die Noord-Oostelike grens van die stortings terrein is. Die terrein se koördinate is 28°45'30.15"S; 21°50'14.46"O.
- **DIE GROBLERSHOOP-STORTINGSTERREIN** is geleë in die suide van Groblershoop dorp op Erf 1679 Groblershoop. Groblershoop is 'n klein dorpie geleë in die jurisdiksie van die !Kheis Plaaslike Munisipaliteit. Die N10 hoofweg is een van die hoofpaaie wat toegang tot die Groblershoop dorp bied en direkte toegang tot die stortingsterrein is moontlik vanaf die snelweg omdat die stortingsterrein langsaan die pad gelee is. Die terrein se koördinate is 28 ° 54'53.08"S; 22 ° 0'17.93 "O.
- **DIE BOEGOEBERG-STORTINGSTERREIN** is geleë in Boegoeberg op die Plaas Boegoebergnedersetting 48. Boegoeberg is 'n klein dorpie in die jurisdiksie van die !Kheis Plaaslike Munisipaliteit. Die N10 hoofweg is een van die hoofpaaie wat toegang tot die Boegoeberg dorp bied en direkte toegang tot die stortingsterrein is ook moontlik vanaf verskeie gemeenskaps paaie. Die terrein se koördinate is 28°56'01.87"S; 22°07'22.89" O.

Ingevolge die NEM: WA, 2008 (Wet No. 59 van 2008), vereis die wegdoening van algemene afval 'n afvalbestuurslisensie kragtens **Kategorie A (Aktiwiteit 10 en 13**) van Goewermentskennisgewing 921, en 'n Basiese Evalueringsproses, soos gestipuleer word in die NEMA OIS-regulasies (2014) wat ingevolge artikel 24(5) en 44 van die NEMA, 1998 (Wet No. 107 van 1998) uitgevaardig is.

Belangstellende en/of betrokke partye wat graag wil deelneem deur kommentaar te lewer, wil registreer of meer inligting oor die bogenoemde stortingsterreine wil ontvang, moet asseblief in verbinding tree met **Nkhensani Khandlhela** by: **Tel**: 011 312 2537, **Faks:** 011 805 1950, **E-pos**: environment@gaenvironment.com of nkhensanik@gaenvironment.com of **Pos**: Posbus 6723 Halfway House 1685.

GA Environment

**REGISTREER ASSEBLIEF U BELANG BY DIE PROJEK VOOR OF OP 09 NOVEMBER 2015**



UITNODIGING OM KOMMENTAAR EN REGISTRASIE

KENNISGEWING VAN DIE AANSOEK OM AFVALBESTUURSLISENSIE EN OMVANGBEPALING EN OMGEWINGSIMPAKSTUDIEPROSES VIR DIE VOORGESTELDE LISENSIëRING VAN DIE MIER PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, NOORD-KAAP

● WELKOM-STORTINGSTERREIN
● NOENIEPUT-STORTINGSTERREIN

Kennis geskied hiermee ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA), 1998 (Wet 107 van 1998) en die Afvalbestuursaktiwiteite gelys ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval, 2008 (NEM:WA) (Wet 59 van 2008), dat die Departement van Omgewingsake (DOS) die Mier Plaaslike Munisipaliteit bystaan om verskeie afval-aanlegte in sy jurisdiksie te lisensieer. Party van hierdie aanlegte sal gelisensieer word vir Bedryf, terwyl ander lisensies sal ontvang vir Sluiting. GA Environment (Edms.) Bpk. is derhalwe deur die DO aangestel as onafhanklike Omgewingskonsultant om die Basiese Evalueringsproses (BE-proses) as deel van die Prosesse in 'n Afvalbestuurslisensie te onderneem. Die stortingsterreine wat lisensie-aansoeke vir afvalbestuur en 'n Basiese Evalueringsproses ingevolge die NEMA Regulasies op Omgewingsimpakstudies, 2014 sal vereis, is soos volg:

- **DIE WELKOM-STORTINGSTERREIN** is op Gedeelte 31 van die plaas Mier 585 in Welkom, 'n dorp sowat 8 km van die Kgalagadi Oorgrenspark se toegangshek. Toegang tot die stortingsterrein kan deur middel van die R360-pad na die Kgalagadi verkry word, met verskeie gemeenskapstoegangspaaie wat direkte toegang tot die gebied bied. Die sanderige aard van die paaie (weens die Kalahari-sandduine) beperk toegang tot die terrein meestal. Die stortingsterrein is in die jurisdiksie van die Dr ZF Mgcawu Distriksmunisipaliteit. Die terrein se koördinate is 26°32'49.27"**S**; 20°35'51.12"**O**.
- **DIE NOENIEPUT-STORTINGSTERREIN** is geleë op Gedeelte 18 van die plaas Witkop 350 in Noenieput. Die dorp is geleë tussen die N10 hoofweg en die R360 pad. Die stortingsterrein is geleë Oos van 'n naamlose grondpad wat direkte toegang tot die stortings terrein bied. Die stortingsterrein val binne die jurisdiksie van die DR ZF Mgcawu Distrik Munisipaliteit. Die terrein se koördinate is 27°31'31.78"**S**; 20°9'16.73"**O**.

Ingevolge die NEM: WA, 2008 (Wet No. 59 van 2008), vereis die wegdoening van algemene afval 'n afvalbestuurslisensie kragtens **Kategorie A (Aktiwiteit 10 en 13**) van Goewermentskennisgewing 921, en 'n Basiese Evalueringsproses, soos gestipuleer word in die NEMA OIS-regulasies (2014) wat ingevolge artikel 24(5) en 44 van die NEMA, 1998 (Wet No. 107 van 1998) uitgevaardig is.

Belangstellende en/of betrokke partye wat graag wil deelneem deur kommentaar te lewer, wil registreer of meer inligting oor die bogenoemde stortingsterreine wil ontvang, moet asseblief in verbinding tree met **Nkhensani Khandlhela** by: **Tel**: 011 312 2537, **Faks:** 011 805 1950, **E-pos**: environment@gaenvironment.com of nkhensanik@gaenvironment.com of **Pos**: Posbus 6723 Halfway House 1685.

GA Environment

**REGISTREER ASSEBLIEF U BELANG BY DIE PROJEK VOOR OF OP 30 OKTOBER 2015**



UITNODIGING OM KOMMENTAAR EN REGISTRASIE

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM AFVALBESTUURSLISENSIE EN OMVANGSBEPALING/ OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES VIR DIE BEOOGDE LISENSIëRING VAN DIE NIEKERKSHOOP-STORTINGSTERREIN, SIYATHEMBA PLAASLIKE MUNISIPALITEIT, NOORD-KAAP

Kennis geskied hiermee ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA), 1998 (Wet 107 van 1998) en Afvalbestuursaktiwiteite gelys ingevolge die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur: Afval (NEM: WA), 2008 (Wet 59 van 2008), dat die **Departement van Omgewingsake** die Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit help om verskeie afvalterreine in sy jurisdiksie te lisensieer. Party van hierdie aanlegte sal vir bedryf gelisensieer word, terwyl ander lisensies vir sluiting sal ontvang. Die Niekerkshoop-stortingsterrein is een van die stortingsterreine wat 'n bedryfslisensie van die Noord-Kaapse Departement van Omgewing, Natuur en Bewaring sal vereis.

Die Niekerkshoop-stortingsterrein is op Erf 1, Niekerkshoop-township en aan die westelike buitewyke van die dorp Niekerkshoop geleë. Die stortingsterrein is in 'n afgekampte gebied geleë wat deur kolle natuurlike plantegroei omring word. Die R386-pad van Prieska na Griekwastad bied toegang tot die dorp Niekerkshoop. Die ongeplaveide toegangspad vanaf die R386-pad bied direkte toegang tot die stortingsterrein. Toegang kan vanaf hierdie pad verkry word. Die stortingsterrein is in die jurisdiksie van die Pixley Ka Seme Plaaslike Munisipaliteit geleë. Die terrein se koördinate is 29°19'48.29"**S**; 22°49'41.92"**O**.

Ingevolge die NEM: WA, 2008 (Wet 59 van 2008), soos gewysig, vereis die lisensiëring van die Niekerkshoop-stortingsterrein 'n afvalbestuurslisensie kragtens Kategorie A (**Aktiwiteit 13**) Kategorie B (**Aktiwiteite 8 & 9**) van Goewermentskennisgewing 921 van November 2013 en 'n omvangbepaling en OIE-proses ingevolge die NEMA Regulasies op Omgewingsimpakevaluerings, 2014.

Belangstellende en/of betrokke partye wat graag wil deelneem deur kommentaar te lewer, wil registreer of meer inligting oor bogenoemde stortingsterreine wil ontvang, moet asseblief met **Nkhensani Khandlhela** in verbinding tree by: **Tel**: 011 312 2537, Faks: 011 805 1950, **E-pos**: environment@gaenvironment.com of nkhensanik@gaenvironment.com of **Pos**: Posbus 6723 Halfway House 1685.

**REGISTREER ASSEBLIEF U BELANG BY DIE PROJEK VOOR OF OP 09 NOVEMBER 2015**

GA Environment



KLK Landbou Bpk

Tel: 054 337 6200 Fax: 054 332 4580 BTW No: 4360108155 Reg. No 1997/015589/06

**Internasionale Dorperveiling**

**International Dorper Sale at Upington**

**Ooiveiling/Ewe Sale:Woens/Wed 4 Nov 2015 - 17:00**

**Ramveiling/Ram Sale: Don/Thurs 5 Nov 2015 - 10:00**

**Aanbod / Offering:**

148 Dorperramme 75 Witdorperramme 86 Dorperooie 63 Witdorperooie

Ⓓ Dorper Rams ◇D White Dorper Rams Ⓓ Dorper Ewes ◇D White Dorper Ewes

**Ramme/Rams:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ivor Phillips Dorpers | 8 | JJ de Witt Dorpers | 7 | Chalini Witdorperstoet | ◇7 |
| Rooidam Witdorperstoet | ◇7 | Springduin Witdorpers | ◇6 | JP Stander | ◇4 |
| Philip Strauss | 6 | Leeuwdrift | 6 | Larry Snyders | ◇7 |
| Nuwerust Dorperstoet | 7 | Bo-Dam | 6 | Sandputs Dorpers | 8 |
| Nooitgedacht Dorpers | 6 | Albie Horn | 7 | Kasteel Witdorpers | ◇6 |
| Danie Visser | 7 | LeRoy Phillips Dorpers | 8 | Tony Cahi | ◇6 |
| Mickey Phillips | 5 | Granaatboskolk | 5 | Top "B" Dorperstoet | 6 |
| Rooidam Dorperstoet | 7 | West Front Dorpers | 6 | Oudepost Dorpers | 1 |
| DJL Steenkamp | 6 | Nooitgedacht Dorpers | 6 | GJ Lötter | ◇8 |
| JJ Esterhuizen | ◇7 | JJ de Witt Dorpers | 7 | Isak Nel Dorpers | 5 |
| Isak Nel Dorpers | 5 | ML Phillips | 5 | ML Phillips & Associates | ◇5 |
| Ivor & LeRoy Phillips | 8 | Hardus Korb | ◇6 | Paul Smit Witdorpers | ◇6 |

**Ooie/Ewes:**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Rooidam Dorperstoet | 10 | Nooitgedacht Dorpers | 5 | HC Lintveldt | 6 |
| Springduin Witdorpers | ◇10 | Top "B" Dorperstoet | 6 | GJ Lötter | ◇8 |
| JJ Esterhuizen | ◇10 | Hardus Korb | ◇6 | Chalini Witdorperstoet | ◇7 |
| Rooidam Witdorperstoet | ◇10 | Granaatboskolk | 5 | ML Phillips | 5 |
| Nuwerust Dorperstoet | 7 | Sandputs Dorpers | 8 | LeRoux van Wyk | 5 |
| Philip Strauss | 6 | Danie Visser | 7 | Nooitgedacht Dorpers | 5 |
| ML Phillips | 5 | Tony Cahi | ◇6 | Paul Smit Witdorpers | ◇6 |
| HJJ van Zijl | ◇6 | | | | |

Hierdie veiling is die vertoonvenster van Dorperteling in Suid Afrika en Namibië. Kom vergewis uself van die kwaliteit diere wat aangebied word. This Sale showcase Dorper Breeding in South Africa and Namibia. Come and acquaint yourself with the quality animals which are offered.

Terme streng kontant of bankgewaarborgde tjeks op die dag van die veiling.
Terms strictly cash or bank guaranteed cheques on the day of sale

Like us on facebook

www.klk.co.za

**Navrae / Enquiries**

SADTG 049 842 2241
KLK Upington 054 337 6200
Stiaan v Wielligh(KLK) 082 844 6604

**Afslaers/Auctioneers:**

Deon Klopper 082 802 8483
Dawid Nel(KLK) 079 881 9391
Koördinate: S28°26.049' E021°14.880'

DORPER

bp NISSAN GM BOOMPLAATS KORAS ABATTOIR FIT-IT ABSA CAPE GATE FENCE AND WIREWORKS Feedmaster Virbac



KLK Landbou Bpk
Lewendehawe
Tel : 054 337 6200 Fax: 054 332 4580
BTW No: 4360108155 Reg. No 1997/015589/06

**Bied aan namens ons gewaardeerde klient**

**Van Zyl Nieuwoudt Boerdery**

# EIENDOMSVEILING

**Donderdag 29 Oktober 2015**
**om 10vm**
**by die woning**

**Aanwysings:**

**Eiendom is geleë ongeveer 15km vanuit Upington op die Keimoespad. ±15km Buite Upington draai links op die Ses Brue pad. Ry ongeveer 100m en draai regs by JCR krale. Volg veilingsborde.**

**EIENDOM:**

Erf grootte: 5700m².

Verbeterings op eiendom bestaan uit:

3 Jaar oue dubbelverdieping woonhuis.
Onderste vloer bestaan uit 2 Leefareas (1 met split unit),
Kombuis, 2 Slaapkamers ( Hoofslaapkamer met split unit).
Boonste vloer bestaande uit 2 slaapkamers en 1 badkamer.

2 Losstaande werkershuise met buite stort.
1 Opslaan werkershuis bestaande uit 2 Slaapkamers,
1 kombuis, 1 badkamer en 1 leefarea.

Erf is omhein met 1.8m hoл elektriese heining.
Munisipale water.
Eiendom is toegerus met Sonkrag gefinansier deur Eveready
**Vooraf besigtiging van eiendom is welkom met vooraf reëling:**

**TERME:** Slegs Kontant of bankgewaarborgde tjeks die dag van veiling. GEEN UITSONDERINGS

**Navrae:**

Bonnie Nieuwoudt(Eienaar) 076 951 2287
Nicky Nieuwoudt 071 803 5082

**KLK Navrae:**

Stiaan v Wielligh 082 844 6604 Jan Engels 082 772 6767
Dawid Nel 079 881 9391 Herman Smit 082 373 6822
Giel Olivier 082 493 4972 Schalk Kunz 083 727 4399

www.klk.co.za